# BEGRIPSTOETS EN TAAL IN KONTEKS
## GRAAD 6 HT

**Vraag 1 – Begripstoets**
Lees die artikel oor oog- en haarkleur deur en beantwoord die vrae wat volg.

### Hoe uniek is jou oog- en haarkleur?



1. Elke ouer dink sy kind is uniek, maar ongelukkig is niemand só uniek dat jy die enigste mens is wat jou oog- en haarkleurkombinasie ter wêreld het nie!

2. Volgens 'n professor van die Universiteit van Kopenhagen, dr. Litchoff Eiberg, was bruin oë eintlik die eerste en enigste oogkleur onder mense. Langs die pad is iemand egter met 'n genetiese afwyking gebore en siedaar: blou oë! Die genetiese afwyking het die hoeveelheid melamien wat jou oog produseer, beperk, wat die oë meer na blou as bruin laat lyk.

3. En as jy mooi daaraan dink, beteken dit dat almal met blou oë dus van daardie een persoon afstam wat jare en jare gelede gebore is! Hulle is dus almal familie!

4. Maar waar kom groen oë dan vandaan? Slegs 2% van die wêreld se bevolking het groen oë, wat dit die ongewoonste oogkleur maak. Maar as jy in Ysland bly, is jy een van die altesame 86% Yslanders wat groen oë het! Kan dit dalk iets met die koue te make hê?

5. Die ongewoonste haarkleur is rooi hare. Minder as 2% van alle mense het rooi hare, met Skotland en Ierland wat die grootste konsentrasie mense met daardie haarkleur het. Rooikoppe se kans om linkshandig te wees, is glo ook groter as byvoorbeeld 'n blondie s'n. En kan jy glo daar is sowaar 'n Internasionale Rooiharedag!

6. Alhoewel baie mense blond is, is natuurlike blondines eintlik nogal skaars – net 2% van die wêreldbevolking. Hulle het letterlik die meeste hare (140 000), terwyl rooikoppe die minste hare (108 000) op hul koppe het.

7. Kom ons kyk na kombinasies. Volgens 'n artikel op die webwerf Medical Daily is die kombinasie van rooi hare en blou oë die seldsaamste ter wêreld. In die tweede seldsaamste plek is mense met rooi hare en groen oë. Die natuurlike blondines met groen oë is die derde seldsaamste kombinasie ter wêreld.

8. So, wat van die res van ons wat bruin of swart hare en bruin oë het? Ons hou ook 'n rekord, want ons maak 90% van die bevolking uit met ons bruin of swart hare. Die algemeenste haar- en oogkleurkombinasie is bruin hare en bruin oë.

9. Is jy dan nog steeds uniek? Selfs met bruin hare en oë? Beslis. Daar is net een van jou, en dit maak jou die ongewoonste, uniekste en enigste 0,00000000000001% in die wêreld.



**Vrae:**

Kies elke keer die beste antwoord.

1.1 Volgens dr. Litchoff Eiberg was ___ die eerste en enigste oogkleur.

a) blou b) groen

c) bruin d) geel (1)

1.2 Wat is die hoofgedagte van die derde paragraaf?

a) Die hoeveelheid mense met blou oë is minder as die met bruin oë.

b) Mense met blou oë is almal familie.

c) Jy is uniek.

d) Mense in Ysland het groen oë. (1)

1.3 Wat is die hoofgedagte van die sewende paragraaf?

a) Verskillende kombinasies van haar- en oogkleur.

b) Baie min mense het rooi hare.

c) Die paragraaf gaan oor die navorsing wat hulle doen.

d) Aanvanklik het mense net bruin oë gehad. (1)

1.4 Hoekom is hierdie inligtingsteks geloofwaardig?

a) Dit is op papier gedruk. Mens kan als glo wat gedruk is.

b) Hulle gebruik 'n professor van die Universiteit van Kopenhagen, dr. Litchoff Eiberg, se navorsing.

c) Alles klink nogal waar en ek glo dit.

d) Hierdie teks is reg. (1)

1.5 Watter haarkleur het hul eie internasionale dag?

a) bruin b) blond

c) grys d) rooi (1)

1.6 Hoe het dit gebeur dat die eerste persoon blou oë gekry het? (1)

1.7 Watter kombinasie haar- en oogkleur is die seldsaamste ter wêreld? (2)

1.8 Sê of die volgende stellings feite of menings is.

1.8.1 Almal met rooi hare het presies 108 000 hare op hul koppe. (1)

1.8.2 Die meeste mense op aarde het bruin of swart hare. (1)

1.8.3 As jy in Ysland gebore is, sal jou oë groen wees. (1)

1.9. Is die volgende stellings WAAR of ONWAAR? Stellings wat ONWAAR is, moet korrek oorgeskryf word sodat dit WAAR is.

1.9.1 Meer as 30% van alle mense het blonde hare. (2)

1.9.2 Jy is nie regtig uniek nie, want baie mense het dieselfde haarkleur as jy. (2)

1.10 Voltooi die volgende sinne.

1.10.1 As almal dieselfde haarkleur gehad het, sou _____ . (1)

1.10.2 Jy is uniek omdat _____ . (1)

1.10.3 Alhoewel Ysland se inwoners baie groen oë het, het _____ . (1)

1.11 Waar, dink jy, kom grys hare vandaan en hoe algemeen is dit? Verduidelik volledig. (1)

1.12 Is die inligting in hierdie teks waar? Bewys jou antwoord deur na voorbeelde in jou skool en omgewing te verwys. (1)

**[20]**

## *Begripstoets en taal in konteks – Graad 6 HT (bl. 43) Hoe uniek is jou oog- en haarkleur?*

**Vraag 1**

| | | |
|---|---|---|
| 1.1 | c | (1) |
| 1.2 | b | (1) |
| 1.3 | a | (1) |
| 1.4 | b | (1) |
| 1.5 | d | (1) |
| 1.6 | Iemand is met 'n genetiese afwyking gebore. Die hoeveelheid melamien wat die oog vervaardig was minder. | (1) |
| 1.7 | Die kombinasie van rooi hare en blou oë. | (1) |
| 1.8.1 | mening | (1) |
| 1.8.2 | feit | (1) |
| 1.8.3 | mening | (1) |
| 1.9.1 | Onwaar, slegs 2% van die mense se hare is blond. | (2) |
| 1.9.2 | Onwaar, jy is een van die 0,00000000000001% in die wêreld. | (2) |
| 1.10.1 | ... niemand uniek gewees het nie. (Leerderrespons.) | (1) |
| 1.10.2 | ... want daar is net een van jou. (Leerderrespons.) | (1) |
| 1.10.3 | ... daar baie mense in ander dele van die wêreld wat ook groen oë het. (Leerderrespons.) | (1) |
| 1.11 | Grys hare kom saam met die ouderdom. Dit is baie algemeen. Alle haarkleure se hare word grys met tyd. | (1) |
| 1.12 | Leerderrespons, byvoorbeeld: Die inligting is waar, want die meeste kinders in my klas het bruin hare. Daar is baie min kinders met rooi en blonde hare. Dieselfde met oogkleur. | (1) |
| | | **[20]** |